

Woensdag 21 Augustus

Skrifgedeelte: Titus 2:1-14

Fokusgedeelte: Titus 2:14

Ywerig om sy wil te doen

Ons Skrifgedeelte leer ons van ouer mans, ouer vrouens, jonger mans, asook slawe (werkers) wat in alles 'n heilige lewe moet lei. Nie 'n lewe vir hulleself nie, maar juis op so 'n manier lewe dat die Woord van God nie in diskrediet kom nie (Tit. 2:5). Hulle almal (ons almal) leef tog die vrug van die Gees uit (Gal. 5:22) deur die krag van God se Gees. Geduld, liefde, volharding, selfbeheersing. Hierdie take wat genoemde mense moet nakom, is nie eienskappe wat sommige het of ander nie. Nee, juis in Christus deur die krag van die Gees moet ons volhard hierin, want dit is deel van geheiligdes se heiliging.

Hierdie kan so maklik woorde wees wat herhaal word – lewe 'n heilige lewe – maar so kan dit slegs gebeur as ons werklik verstaan ons kan net so leef nadat God ons geroep het tot die nuwe lewe. Jy kan alleen die nuwe lewe (wedergeboorte) ontvang as ons Hemelse Vader die gesonde leer (Tit. 2:1) in ons harte deur die geloof aan die brand gestee het. Hierdie gesonde leer is die blye boodskap van verlossing. Die heerlike, wonderlike weg waarvolgens die Gees die heil ordelik in ons bring.

Hierdie geskenk, hierdie gawe van die geloof bring 'n ommekeer (bekering) wat tot God se eer wil leef.

Hoe mooi is die klanke van die Woord waar God leer sy genade het verlossing vir alle mense gebring, daarom wil ons nie soos die goddelose wêreld leef nie, maar afgesonder, geheilig deur God om 'n heilige lewe te lei. Daarom wil ek en jy in ons verhouding met God deel van die volk wees wat ywerig is om die goeie te doen. U is geheilig, leef nou daardie heilige lewe in Christus.

Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. MJ Lourens (Thys) (Vaalpark)